18 Februarie 2014

KOMMUNIKASIE VAN DIE MODERATURE VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA EN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK AAN HULLE ONDERSKEIE GEMEENSKAPPE

Die Moderature van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) het op 17-18 Februarie 2014 in Pretoria vergader. Dr Jerry Pillay, President van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke, het as fasiliteerder opgetree. Ons dank God vir 'n baie positiewe en konstruktiewe vergadering, en wil graag die volgende kommunikeer:

1. Ons as verteenwoordigers het met mekaar gedeel waar ons meen ons op ons reis saam met mekaar is. Die verteenwoordigers van die NGK het kennis geneem van die besluite van die VGKSA se Algemene Sinodale Kommissie en dat hulle nie ten volle gelukkig was met die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluit oor die status van die Belydenis van Belhar in die NG Kerk se belydenisgrondslag nie. Die NGK het die verduideliking van die VGKSA aanvaar dat hulle besluit weergee hoe hulle belydenisskrifte verstaan, en dat hulle besluite in werklikheid hulle verbintenis tot die proses herbevestig. Ons aanvaar mekaar se besluite en sien dit nie as 'n bedreiging vir enige van die prosesse waarin ons is nie. Ons Memorandum van Ooreenkoms en die Roetekaart na Kerkhereniging bly die riglyne vir ons reis.

2. Ons het ook begin beplan aan sigbare en tasbare handelinge om ons reis te illustreer en om boublokke vir ons eenwording te wees. Die twee uitgebreide leierskappe (Die NGK se Moderamen en die VGKSA se Algemene Sinodale Kommissie) sal in Oktober 2014 gesamentlik vergader – iets om na uit te sien. 'n Kommunikasiestuk gaan ook na ons onderskeie sinodale gebiede gestuur word om hulle te versoek om informele en/of formele indabas te organiseer waartydens hulle sal onderskei waar die kerke op hulle reise saam met mekaar is.

3. Die vergadering het bedink hoe ons nader aan mekaar kan kom en van mekaar kan leer. Ons wil graag suggereer dat die twee kerke in hulle verskillende strukture beplan dat die gemeentes in September meedoen aan 'n "Maand van Kanselruiling". Ons droom dat hierdie saak 'n vaste ontmoetingspunt op ons kalenders sal word.

4. Ons besef dat die eenheidsprosesse in die NG Kerkfamilie onvolledig is sonder die NG Kerk in Africa (NGKA) en die Reformed Church in Africa (RCA). Die NGK en die VGKSA sal op ‘n kontinue wyse voortgaan met bilaterale gesprekke en onder die leiding van dr Jerry Pillay sal die vier kerke genader word vir ‘n konsultasie van die leierskappe.

5. Ons het die destruktiewe mag van rassisme wat so diep in al ons gemeenskappe ingebed is, raakgesien. Ons het besluit om saam ‘n program vir ons kerke te ontwikkel en te implementeer wat ons almal sal help om hierdie uitdaging op ‘n wyse te hanteer wat ons nader aan mekaar sal bring en die genesing waarna ons almal so verlang, te bevorder.

6. Die uitdagings in ons geliefde land en ons gemeenskappe is ‘n bron van diepe kommer. Ons is verbind om saam te reis ter wille van ons land en ons kerke, en ons bid dat die eenheid waarna ons streef en wat ons graag wil bereik tot groot genesing vir almal om ons sal wees. Ons sal mettertyd ‘n gesamentlike verklaring mbt die komende Algemene Verkiesing uitreik.

7. Ons dank ons Genadige God vir die voorreg om op hierdie reis te wees!

Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris: NG Kerk
Selfoon: 0828955680
E-pos: kobusg@ngkerk.org.za

Dr Dawid Kuyler
Skriba: Algemene Sinode van die VGKSA
Selfoon: 0832747616
E-pos: dkuyler@telkomsa.net